NUUT VIR DIE FEESTYD

Chata Romano, bekende voorkomskonsultant, wys hoe helder kleur en vorm nuwe woema aan 'n voorkoms gee

Chata het inkopies in die Tygervalleisentrum in Durbanville gedoen toe sy vir Leigh O'Kennedy, 'n twee en twintigjarige kunsstudent raaksien. Leigh was maar alte gretig om deur 'n kenner soos Chata onder hande geneem te word en wou veral idees vir 'n aandvoorkoms kry.

Klere

Leigh het 'n goeie figuur, hoewel sy smal skouers en breër heupe het, waaroor sy baie selfbewus is. Sy wou dit toemaak, maar het altyd die idee gehad dat baadjies te formeel vir haar ontspanne leefstyl is - sy is immers 'n student.

Chata het die geleentheid aangegryp om te wys dat 'n baadjie verskele style kan aanneem, van deftig en modieus tot ontspanne slenterdrag. 'n Lang rooi leerbaadjie (nie swart nie, rooi is modieuser) is gekies wat oor Leigh se heupe gekom het. Die baadjie is by die middel ingevat om vorm te gee. Daarmee saam het sy 'n denimlangbroek en pasmaakkorset gekies wat Leigh se vol borste tot hul reg laat kom.

Hare

Leigh het haar muisbruin hare graag rooi gekleur. Dit is 'n helderder koperkleur gemaak met goue ligstrepe. Haar natuurlike krulle is net so gelos, maar vir die aand is stringetjies hare individueel gekrul om haar gesig te omraam.

Grimering

'n Ligte onderlaag wat nie haar sproete verbloem nie - sproete is pragtig! - is gebruik waarna haar wenkbroue gevorm en getint is om by haar nuwe haarkleur te pas. Haar bruin oë is die fokus gemaak met brons, sagte geel en glimmende goue skakerings.

LEIGH SE KOMMENTAAR: "Ek het altyd neutrale kleure gedra en het nooit gedink rooi klere pas by 'n rooikop nie! En dat grimering so 'n reuseverskil kan maak! Ek voel soos 'n splinternuwe sikspens."

Monique van der Merwe

'n Halfuur later het Chata 'n tweede kandidaat raakgeloop. Monique van der Merwe, 'n ses en twintigjarige onderwyseres het jare lank niks nuuts aan haar voorkoms gedoen nie. Sy wou gesofistikeerd maar ongekunsteld lyk, en het vir Chata gesê sy "verwag 'n wonderwerk".

Klere

Monique het jare lank dieselfde haarstyl, grimering en klere gedra. Sy is 'n mooi vrou, soos duidelik op die "voor" foto gesien kan word, maar ná die mooimaaksessie het sy geskitter.

Die "voor"-uitrusting, 'n sagte pakkie, is een van Monique se gunstelinge en sy trek dit graag werk toe aan. Chata het gemeen die kleur was te effentjies vir haar veltoon, maar Monique wil nie in helder kleure gaan werk nie. Chata het toe 'n klipgrys pakkie gekies. Die roosbedrukte lyfkous het die deftigheid van die pakkie getemper.

Hare

Monique wou meer gesofistikeerd en minder soos 'n skooldogtertjie lyk en 'n goeie haarsny was die aangewese ding. Die mees dramatiese verandering was dat haar lang, donkerbruin hare - wat sy nooit korter as skouerlengte gedra het nie - in 'n kort, blonde, polkastyl verander is.

Die hare is in lae gesny, wat haar 'n sagte, gesofistikeerde voorkoms gegee het. Ons het medium blond as die basiskleur gebruik, toe ligstrepe in twee kleure - goud- en platinumblond - aangebring sodat dit lyk asof sy natuurlike medium blonde hare het.

Grimering

Haar nuwe blonde hare het Monique se buitengewone groen oë tot hul reg laat kom en ons het dit met subtiele bruin oogskadu beklemtoon. Haar lippe is met 'n glansende perskekleurige lipstiffie afgerond. Sagte, natuurlike kleure is deurentyd gebruik.

MONIQUE SE KOMMENTAAR: "Toe ek die volgende dag by die skool aankom, was die leerders in vervoering. My vriend, wat van my lang hare gehou het, kon nie ophou om aan my kort, blonde lokke te vat nie. Die opsigter by my woonstelgebou, wat ek elke dag sien, het my nie herken nie. Die eindresultaat was wonderlik! Dankie, Chata, dit was vir my 'n lewensveranderende ondervinding."

Dié metamorfose en nog vele meer is in Chata se twee nuwe boeke, "Style" en "Colours", te sien. Dis landwyd by goeie boekwinkels beskikbaar. Vir meer inligting oor Chata se onderneming, gaan kyk by www.chataromano.com

FOTO'S MICKY HOYLE; MODE CHATA ROMANO; STILERING RYNO MULDER; HARE DIANE VAN OSHUN; GRIMERING LARA WHITEHEAD; KLERE STUTTAFORDS